**Saterdag 21 Oktober**

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:1-9; 3:8 – 4:5**

**Fokusgedeelte: 1 Petrus 3:15 (AFR53)**

**Wees altyd bereid om ook by die werksplek die evangelie te bring**

Petrus skryf aan Christene in die verstrooiing. Hy spreek hulle ook aan as “vreemdelinge” (1:1). “Vreemdelinge” omdat hulle burgerskap in die hemele is, maar ook “vreemdelinge” omdat hulle leefwyse tussen die heidene “anders” is: hulle doen nie mee aan dít wat dikwels eie aan die “werksplek” is nie, ná kantoorure, met die “kerspartytjie”, op die sake-uitstappie of die promosie-jagtog: … ongebondenheid, begeerlikheid, dronkenskap, brasserye, drinkpartye en ongeoorloofde afgoderye. Daarom vind hulle dit vreemd as julle nie saamloop in dieselfde uitgieting van losbandigheid nie, en hulle laster (1Pet. 4:3-4). Hieroor verduur die gelowiges ook baie verbale vervolging – hulle word uitgejou asof húlle die kwaaddoeners is.

Hierdie “anderse” gedrag van Christene kan ons koppel aan hulle hoop op die opgestane Christus en die lewe in Hom (1:3); hulle hoop op die genade van ons verheerliking (1:13); hulle hoop op God (1:21)! Hulle burgerskap is in die hemele (Fil. 1) waar ’n onverganklike en onbesmette en onverwelklike erfenis vir ons bewaar word (1 Pet. 1:4). Hulle hoop en verwagting is gerig op die wederkoms van ons Here.

Wanneer jy dan in die werksplek gekonfronteer word oor jou Godvresende gedrag, wees altyd bereid om van dié hoop, wat vas geanker is in Christus, te getuig. Laat Christus se lyding jou motivering wees, en laat Petrus se “hoe” jou metode wees: Nie met agressiewe verdediging nie, maar met sagmoedigheid; nie met vrees vir mense nie, maar kinderlike Godsvrees.

*Sing: Psalm 110-1:1, 3*

*Ds. SJMS Smit (Faan) (Heidelberg)*